Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 10 SEPT 2009

Die derde kwartaal se assessering (eksamen) begin vandag, 10 September en duur tot 23 September. Sterkte aan al ons leerders met julle voorbereiding.

Vanaf 10 tot 22 September begin die skool om ***07:55*** vir alle leerders en eindig die skool op die ***normale tyd*** soos gedurende die kwartaal.

'n Ernstige beroep word op u as ouer gedoen om nie u kind/kinders na die assesserings-periode te kom haal nie aangesien daar dan met normale werk aangegaan sal word.

NB: Die skool sluit op 23 September ***om 11:00 vir almal.***

BELANGRIKE KENNISGEWING

'n Dringende oueraand word op Donderdag, ***17 September om 18:00*** in die skoolsaal gehou.

Ons vra dat ouers asseblief hierdie vergadering moet bywoon aangesien dit oor die skool se finansies gaan en dit u beslis raak.

NUUS UIT DIE KOEIKAMP

Bella is 'n bielie van 'n boklam.....sjoe, nou het ek my storie darem heeltemal verkeerd. Wat het 'n boklam met 'n koei te doen – seker niks!!!!!!!

Die "No news" (van verlede week) begin nou 'n effense hongerige ge-mooooo in die koeikamp veroorsaak. Ou Melkskommel lyk al hoe meer of sy in die droogte aangekom het. Dit gaan nie goed met haar nie.

Nou wonder ons maar net – daar is nie dalk iemand wat iets aan haar saligheid kan doen nie?

Een manier van hulp sal wees om 'n "Dropdag kaartjie" teen R10,00 by 'n leerder of die skool te koop. Indien Melkskommel op 16 Oktober, op u kleim die "dropding" doen, wen u die eerste prys van R3000,00.

Hiermee wil ons ook net baie dankie sê vir al die kaartjies wat reeds deur ons leerders verkoop is en deur u gekoop is. Ons waardeer dit opreg.

FINANSIES :

Geliewe kennis te neem dat daar 'n dringende ouervergadering belê word vir DONDERDAGAAND, 17 SEPTEMBER 2009, om 18:00 in die Skoolsaal. Dit is noodsaaklik dat alle ouers hierdie vergadering sal bywoon.

Baie baie dankie aan al die ouers wat getrou en gereeld skoolfonds, nasorg, didaktiese- en musiekfooie betaal. Asook aan die ouers wat direkte bankinbetalings doen met die korrekte verwysings daarby. Dit word baie waardeer.

Ingevolge die Skolewet is Skoolfonds *jaarliks* vooruitbetaalbaar. Indien dit nie vir u moontlik is nie, het u aan die begin van die jaar 'n vorm voltooi waarop u onderneem het om elke maand skoolfonds te betaal. Hierdie reëling is 'n vergunning van die Beheerliggaam aan ouers. Ongelukkig is daar rekeninge wat reeds geruime tyd agterstallig is. Daar word hierdie week rekeninge uitgestuur. Maak asseblief seker dat u die rekening ontvang, indien u agterstallig is, word hierdie rekeninge op Vrydag, 18 September 2009 oorhandig vir invordering.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

KRIEKET

Baie geluk aan Thiardt Ingram wat vir die Suid-Vrystaat se A span gekies is. Hulle het verlede naweek teen Goudveld op die Universiteit se veld gespeel.Thiardt was ook aangewys as die openingsbouler wat voorwaar 'n groot prestasie is. Ons is trots op jou.

NOODBERIG

'n Opregte dank aan elkeen wat gereageer het op die "Brood noodberig". Enige bydraes soos brood, smeer en aanmaakkoeldrank is steeds baie welkom. Enige skryfbehoeftes, papier, ou speelgoed wat by die middag-studie gebruik kan word, sal ook baie welkom wees.

Op Dinsdae tydens die JFFJ periode gaan ons leerders 'n "blikkie toring" bou. Enige nie-bederfbare kos sal baie welkom wees. Dit gaan groot pret wees. Hierdie is 'n vrywillige projek.

NAVRAE: Hendriëtte – 0836427973

BLOKFLUITFEES

Die Blokfluitfees van die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging vind Saterdagaand,

12 September om 18:00 by die Primêre Skool Fichardtpark, plaas.

Sterkte aan al ons leerders wat daar gaan deelneem.

PROJEK OMGEE

Die matrieks van Sekondêre Skool Jim Fouché wil hiermee net baie dankie sê vir almal wat gehelp het met die insameling van klere en nie-bederfbare voedsel vir die Omgee Huis in Bainsvlei. Ons waardeer dit opreg.

TWEEKAMPPROEWE

Uitslae is as volg:

0/13 Seuns Frans Marx – Goud 2138 punte

0/11 Dogters Rika Marx – 4de 1998 punte

Ellenise Smith – 17de 1566 punte

Baie geluk aan al die leerders met hulle pragtige prestasies.

Baie sterkte aan Frans Marx en Rika Marx wat vir die Vrystaatspan gekies is. Hulle neem op 3 Oktober aan 'n Inter-Provinsiaal deel.

Ons is trots op julle.

HUISEIENAARS

Wil u gaag u huis verkoop of stel u belang om 'n ander huis te koop? Ondersteun ons atletiekborge: Kontak Duvenhage en Briedenhann by **051 – 4463913.**